# 2. DIE VRYHEIDSE DISTRIK: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF

## 2.1 INLEIDING

Die geskiedenis van die Vryheidse distrik is onlosmaaklik verbonde aan die geskiedenis van die provinsie Natal. Geografies vorm die Vryheidse distrik 'n eenheid met die Suid-Afrikaanse kusgebied ten ooste van die Drakensberge. Die vroegste migrasie en vestigings van die Nguni-stamme het dan ook in hierdie kusgebied plaasgevind. Dit is daarom nodig om, voordat in meer besonderhede na die vestigings- en ontwikkelingsgeskiedenis van die Vryheid=se distrik gekyk word, 'n oomblik stil te staan by die globale ontwikkelingsgeskiedenis van die gebied ten ooste van die Drakensberge.

## 2.2 VROEGSTE BEWONERS VAN NATAL TOT 1884

### 2.2.1 Die eerste swart bewoners

Die provinsie Natal was teen ongeveer 1 300 n.C. bewoon deur die Boesmans. (1)
Hierna is die kusgebied binnegedring deur die suidwaarts migrerende Nguni-stamme vanuit Midde-Afrika. Volgens Brookes kon die voorpunte van die Nguni-stamme Natal reeds so vroeg as 1 400 n.C. binnegedring het. (2) Mul=

---

(1) Brookes, Edgar H. and Webb, Colin de B.: A His=tory of Natal, p. 1.

(2) Ibid., p. 1.

ler, C.F.J. is egter van mening dat swart indringing in Natal eers teen die sestiende eeu geskied het. Vol= gens hom is daar geen bewyse dat, toe Vasco da Gama op Kersfees 1497 vermoedelik in die baai van Port Natal anker gegooi het, hy met swartmense in aanraking gekom het nie. (3)

Die eerste kontak met swart inwoners van Natal was klaar= blyklik teen ongeveer 1 550 n.C. met die stranding van die skepe Good Hope en Bonaventura. Die skipbreukelinge het die swart bewoners baie vriendelik gevind. (4)

Die Nguni-groep wat hulle teen die einde van die agtiende eeu in Natal bevind het, het bestaan uit ŉ hele aantal stamme. Noord van die Tugelarivier het drie stamme ge= woon wat ŉ belangrike rol in die geskiedenis van die gebied sou speel, naamlik die Mthethwa-, die Zoeloe- en die Ndwandwe-stam. (5)
Botsings tussen hierdie drie stamme sou lei tot die mags= oorname van Tsjaka en die daaropvolgende "Dificane" gedu= rende die twintigerjare van die negentiende eeu. Gedu= rende sy bewindstydperk het Tsjaka ongeveer driehonderd stamme in Natal uitgeroei en meer as ŉ halfmiljoen mense by die Zoeloestam ingelyf. Sy Zoeloeryk het gestrek vanaf die Indiese Oseaan in die ooste tot oor die Dra= kensberge in die weste. (6)

---

(3) Muller, C.F.J.: 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskie= denis, p. 10.
(4) Brookes and Webb, op. cit., p. 3.
(5) Ibid., p. 8.
(6) Brookes and Webb, op. cit., p. 15.

### 2.2.2 Die vroegste blanke bewoners van Natal

Tydens sy heerskappy het Tsjaka grond rondom Port Natal (Durban) aan Engelse handelaars geskenk ten einde 'n handelsnedersetting te begin. Vanaf 1823 het luitenant F. Farewell, J. Saunders King en H. Francis Fynn in Durban aangekom. Nog Britse setlaars het in 1832 aangekom, gevolg deur sendelinge in 1836. (7)

### 2.2.3 Die stigting van die Republiek Natalia

Op die oosgrens van die Kaapkolonie het die gemoedere van die Afrikanergrensboere sedert 1834 hoog geloop. 'n Nuwe heenkome is gesoek in die binneland, weg van die onderdrukkende maatreëls van die Britse regering in die Kaapkolonie. Die Sesde Grensoorlog van 1836 het die Groot Trek in alle erns laat begin. Fundamenteel kan die oorsake van die Groot Trek gevind word in die Britse beleid van gelykstelling tussen swart en wit. (8)

Piet Retief het voorkeur gegee aan die vrugbare vlaktes van Natal as eindbestemming van die Groot Trek en reeds in Oktober 1837 het die Voortrekkers Natal binnegedring. (9) Die Engelse handelaars in Port Natal het die koms van die Voortrekkers verwelkom want dit het groter beskerming van hul lewens en eiendom beteken. (10)

---

(7) Brookes and Webb, op. cit., p. 17.
(8) Muller, op. cit., p. 148.
(9) Brookes and Webb, op. cit., p. 29.
(10) Muller, op. cit., p. 163.

Onderhandelings tussen Retief en Dingaan, as koning van die Zoeloe-nasie, het uitgeloop op die Retief-Dingaan-traktaat waardeur die hele gebied vanaf die Umzimvuburi=vier in die suide tot die Tugelarivier in die noorde, begrens deur die Indiese Oseaan in die ooste tot by die Drakensberge in die weste, aan die Voortrekkers afgestaan is as permanente besit. Die gebied ten noorde van die Tugelarivier tot by Maputo in die noorde, begrens deur die Indiese Oseaan in die ooste tot by die Drakensberge in die weste, was die domein van die Zoeloevolk en bekend as Zoeloeland.
Na die moorde op Retief en die Trekkers in Natal is die mag van die Zoeloes op 16 Desember 1838 deur 'n strafeks=pedisie onder leiding van A. Pretorius, by Bloed=rivier gebreek. (11)

Met die hulp van Mpande, 'n halfbroer van Dingaan, is die mag van Dingaan in 1839 vernietig en is Dingaan in Swaziland gedood.
Mpande is deur die Voortrekkers as opperhoof van die Zoeloes verklaar en Zoeloeland, die gebied noord van die Tugelarivier, het 'n protektoraat onder Voortrekker=beheer geword. (12)

### 2.2.4 Britse anneksasie van die Republiek Natalia lei tot Boere-indringing in Zoeloeland

Die bestaan van die Republiek Natalia was kortstondig. Die gevaar dat Nederland of Amerika 'n vastrapplek kon kry op die ooskus van Suid-Afrika het Sir G. Napier

---

(11) Muller, op. cit., p. 166.
(12) Brookes and Webb, op. cit., p. 37.

op 14 Mei 1843 laat besluit om die Republiek Natalia as Britse gebied te annekseer. (13)
Zoeloeland het nou 'n Britse protektoraat geword en die grens tussen Zoeloeland en die Britse kolonie, Natal, is vasgestel as die Tugelarivier, weswaarts tot by die samevloeiing met die Buffelsrivier en daarvandaan met die Buffelsrivier tot by die berge. (14)

Soos in die Kaapkolonie het die Britse regering ook in Natal 'n beleid van gelykstelling tussen wit en swart ingestel. Instromingsbeheer, soos toegepas deur die Voortrekkers in die Republiek Natalia, is deur die Britse regering opgehef, met die gevolg dat duisende Zoeloes na die blanke gebiede gestroom het en die veiligheid van die Boer op sy plaas bedreig het. (15) Menige Voor=trekker het die tog na die binneland nog verder noord aangepak. Teen die einde van 1843 was daar nog slegs 365 Voortrekkerfamilies in Natal en teen 1846 nog net 60. (16)

Sommige van die Trekkers wat in Natal agtergebly het, het hulle in die noordelike distrikte in die omgewing van die huidige Dundee en Newcastle, gaan vestig. Sommige republikeinsgesinde Boere uit die Dundee-gebied het in 1854 van die Zoeloekoning Mpande weiregte verkry in die gebied tussen die Buffels- en Bloedrivier, in ruil vir 100 beeste. Hierdie weiregte is toegestaan aan C. van Rooyen, A. Spies, C. Klopper en andere.

---

(13) Muller, op. cit., p. 168.
(14) Morris, Donald R.: The Washing of the Spears, p. 160
(15) Brooks and Webb, op. cit., p. 49.
(16) Ibid., p. 52.

Die boere het hulle in hierdie gebied gevestig en die republiek Utrecht hier uitgeroep. A. Spies is tot land=dros, C. van Rooyen tot veldkornet en C. Klopper tot kommandant van die nuwe staat verkies. (17)

In Maart 1861 het Cetswayo, wat Mpande opgevolg het, aan die Utrechtse boere grond oos van Bloedrivier belowe. Die Utrechtse boere het die nuut verkreë gebied onmiddel=lik begin afbaken. Cetswayo het sy belofte egter nie gestand gedoen nie en het die Zoeloes die bakens laat afbreek. (18)
Met die grensgeskil nog smeulende is die republiek Ut=recht ingelyf by die Zuid-Afrikaanse Republiek. (19)
Op 25 Mei 1875 het die Z.A.R. die betwiste gebied as deel van die Utrechtse distrik en dus eiendom van die Z.A.R. verklaar. (20)

Die Britse regering wat deurgaans die Zoeloe-eis simpa=tiekgesind was, het met die anneksasie van die Z.A.R. in 1877 besluit om die aansprake van Utrecht op die be=twiste gebied te steun. Die oplossing van hierdie grens=geskil, wat nou 'n Britse probleem geword het, is in 1879 gesmoor met die uitbreek van die Anglo-Zoeloe-oorlog. (21)

---

(17) Bulpin, T.V.: Natal and the Zulu Country, pp. 304-5.
(18) Ibid., p. 309.
(19) Leverton, B.J.T. en Pringle, J.A.: Die Baanbre=kers van Vryheid, p. 11.
(20) Bulpin, op. cit., p. 310.
(21) Ibid., p. 301.

## 2.3 DIE ZOELOE-OPVOLGINGSKWESSIE AS OORSAAK VAN DIE STIGTING VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK

### 2.3.1 Die Zoeloe-opvolgingskwessie

#### 2.3.1.1 Cetswayo: Die verdeling van Zoeloeland

Die magtige Zoeloeryk wat deur Tsjaka opgebou is, het na die slag van Bloedrivier onder die heerskappy van sy halfbroer, Dingaan, in duie gestort. Vir sy hulp met die finale vernietiging van Dingaan se mag is Mpande deur die Voortrekkers tot koning van die Zoeloenasie gekroon. Cetswayo, die seun van Mpande, wou egter weer die glorie van die Zoeloeryk laat herleef. Hy was ŉ man met ŉ rustelose en aggressiewe geaardheid.

Nog voor Mpande se dood het Cetswayo sy broer, Mbulazi, om die lewe laat bring, die koningskap opgeëis en dadelik begin om weer ŉ gedugte militêre mag op te bou. (22) Cetswayo, net soos Dingaan en Tsjaka, het oorlog begeer ten einde aan sy soldate oefening in krygskuns te gee. (23)

Militêre bedrywighede binne Zoeloeland het vanselfspre= kend spanning veroorsaak in die grensdistrikte soos Ut= recht, Piet Retief en die Britse kolonie, Natal. In 1879 het die Zoeloes dan ook verskeie strooptogte uitge= voer in hierdie gebiede en is ŉ aansienlike hoeveelheid

---

(22) Brookes, op. cit., p. 94.

(23) Gresty, J.L.: The History of the Vryheid District, p. 3.

vee deur hulle buitgemaak.

Sir B. Frere, Britse Hoëkommissaris in Suid-Afrika, het besluit dat dit tyd geword het om die Zoeloemag in bedwang te kry of desnoods te breek ten einde vrede te verseker. (24)
Die Britse opmars na Ulundi is egter op 22 Januarie 1879 deur die Zoeloes by Isandhlwana gestuit. (25)

Nadat die Britse magte geherorganiseer is en versterkings opgedaag het, is die Zoeloemag by Kambula en Ulundi ver=slaan. Cetswayo is gevange geneem en uit die land ver=ban. Zoeloeland is hierna in dertien afsonderlike een=hede verdeel, elk onder 'n spesiaal aangestelde kaptein. (26)

Onmin en naywer onder die kapteins het tot anargie in Zoeloeland gelei. Botsings tussen die verskillende fak=sies het veroorsaak dat duisende Zoeloes oor die grense van die Z.A.R. en die kolonie Natal gestroom het in 'n poging om veiligheid te bekom. Die Transvaalse regering het gevolglik by die Britse regering daarop aangedring dat die koningskap van Cetswayo herstel word ten einde wet en orde in Zoeloeland te bewerkstellig - 'n versoek waartoe die Britse regering ingestem het. Cetswayo se magte was egter só ingeperk dat hy slegs in naam regeer het. (27)

---

(24) Leverton en Pringle, op. cit., p. 13.

(25) Chadwick, G.A.A.: The Battle of Isandhlwana and the Defence of Rorkes Drift, p. 5.

(26) Ibid., p. 5.

(27) Binns, C.T.: Dinizulu. The Death of the House of Shaka, p. 10.

#### 2.3.1.2 Dinizulu: Probleem van erkenning

Na die dood van Cetswayo het die Usutu-faksie vir Dini= zulu, die seun van Cetswayo, erken as hoof van die hele Zoeloenasie. Hierdie aanspraak is egter betwis deur Usibepu, hoof van die Umsandhlakazi. (28) Bloedige veld= slae wat herinner het aan die terreurveldtog wat deur Tsjaka gevolg is, het tussen hierdie twee faksies plaas= gevind. In Zoeloeland was daar anargie en lyding. Krale is in puin gelê, oeste is vernietig en vrouens en kinders het in grotte geskuil en van boomwortels geleef. Moord= dadige bendes het Zoeloeland deurkruis en gemoor, geroof en geplunder. (29)

In 'n poging om 'n einde te maak aan hierdie wettelose toestand in sy land, het Dinizulu by die Natalse regering om hulp aangeklop. Dit is hom egter geweier en koloni= ale vrywilligers is verbied om hom te help. (30) Hierna het Dinizulu by die Transvaalse regering om hulp aange= klop, maar die London-Konvensie het Transvaal verbied om in Zoeloelandse aangeleenthede in te meng. (31) Trans= vaalse Boere is ook gewaarsku om nie hulp aan een of ander faksie te verleen nie. (32)

---

(28) Gresty, op. cit., p. 7.
(29) Binns, op. cit., p. 11.
(30) Gresty, op. cit., p. 7.
(31) Schiel, A.: 23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika, p. 107.
(32) Binns, op. cit., p. 11.

### 2.3.1.3 Inmenging van blanke boere uit die Z.A.R. in Zoeloelandse aangeleenthede

Transvaalse Boere van die grensdistrikte, veral van die distrik Utrecht, het egter besluit om sake in eie hande te neem. Ervaring het hulle geleer dat dit die beste sou wees om Dinizulu as hoof van die Zoeloes aan te stel en dan, met sy samewerking, met die opstandige kapteins af te reken. (33)

Twee Boere-afgevaardigdes, K. van Staden en C. Meyer, het vroeg in 1884 besoek afgelê by Dinizulu. Dinizulu is steun beloof in ruil vir vrede en orde in Zoeloeland. Dinizulu is ook oorreed om in belang van sy eie veiligheid skuiling by die Boere te soek. (34) Op 3 Mei 1884 is 'n komitee van agt Boere saamgestel om sake verder te reël, Zoeloeland binne te gaan en die Boere se saak aan die onderskeie kapteins te stel. (35)

Oham, een van die opstandige kapteins, het hom aan die komitee se reëlings onderwerp en onderneem om Dinizulu se gesag te aanvaar. Aanvanklik het Usibepu hom ook neergelê by die reëlings en selfs beloof om die vee en vrouens wat van die Usutus afgeneem is, terug te gee. Die Boere-afvaardiging was egter skaars weg, of Usibepu het boodskappe om hulp uitgestuur na die Britse regering en J. Dunn, 'n Skot wat deur die Britse regering aange= stel is as hoof in een van die dertien distrikte. (36)

---

(33) Leverton en Pringle, op. cit., p. 15.
(34) Schiel, op. cit., p. 108.
(35) Gresty, op. cit., p. 9.
(36) Binns, op. cit., p. 31.

Op 21 Mei 1884 het 350 Boere en ongeveer 5 000 Zoeloes by Zalflaager byeengekom en is Dinizulu amptelik tot koning van die Zoeloes verhef. (37) Die volgelinge van Dinizulu het egter besef dat, tot tyd en wyl die mag van Usibepu gebreek is, vrede in Zoeloeland net in naam kon bestaan. Daarom het hulle reeds die dag na die kro= ning daarop aangedring dat die Boere hulle moes help om die mag van Usibepu te breek. Eenhonderd-en-twintig Boere het hierop 'n mag van bykans tienduisend Zoeloes na Usibepu vergesel. (38)

Usibepu wat hom intussen gereed gemaak het vir 'n militêre konfrontasie, het met sy magte teruggetrek na die Lebom= boberge waar die krygers van Dinizulu ingewag is. Op 5 Junie 1884, tydens die slag van Oetshaneni, is Usibepu se mag met Boerehulp verslaan. Rus, vrede en stabiliteit het uiteindelik weer in Zoeloeland geheers. (39)

### 2.3.1.4 Die Boere eis grondgebied as vergoeding vir hulp aan Dinizulu

Na die kroningsplegtigheid te Zalflaager het Dinizulu 'n ooreenkoms met die Boere aangegaan waarin aan hulle, as beloning vir hul dienste, 'n strook grond grensende aan die Zuid-Afrikaanse Republiek afgestaan sou word en waar hulle 'n onafhanklike staat kon oprig. (40)
Die oorblywende gedeelte van Zoeloeland sou as 'n protek= toraatgebied onder die heerskappy van die nuwe Boerestaat

---

(37) Binns, op. cit., p. 30.
(38) Schiel, op. cit., p. 123.
(39) Binns, op. cit., p. 37.
(40) Leverton en Pringle, op. cit., p. 17.

geplaas word.
Dinizulu het ook onderneem om sy onderdane wat hulle in die nuwe staat bevind het, na ander gebiede in Zoeloe=land te verskuif. (41)

Die strook grond wat aan die Boere afgestaan sou word, was egter nie voldoende omskryf nie. (42)
Die gedagte was klaarblyklik dat slegs die 120 Boere wat aktief aan die gevegte teen Usibepu deelgeneem het, grond sou ontvang. Aan Boerekant is egter gevoel dat 120 Boere te min was om die nuwe staat effektief te verde=dig; daarom is Boere in Transvaal en die res van Suid-Afrika grond aangebied. Die gevolg was dat meer as 800 Boere uiteindelik by Hlobane vergader het - almal in gretige afwagting op 'n stukkie grond. (43)

Die gebied waarop die Boerekomitee beslag gelê het, het bykans tot by St. Luciabaai gestrek. Hiermee was die Zoeloes nie gediend nie. Gevolglik is op 16 Augustus by Hlobane ooreengekom om aan die Boere 'n stuk grond van ongeveer 1 355 000 morg af te staan. (44) Hierdie skriftelike ooreenkoms is namens die Zoeloes onderteken deur Dinizulu, bygestaan deur W. Grant, en aan Boere=kant deur L. Meyer as waarnemende staatspresident en D.J. Esselin as waarnemende staatsekretaris. (45)

---

(41) Binns, op. cit., p. 54.
(42) Leverton en Pringle, op. cit., p. 17.
(43) Wiggett, J.: Herinneringe. s.p.
(44) Binns, op. cit., p. 54.
(45) Leverton en Pringle, op. cit., p. 17.

## 2.4 STIGTINGSGESKIEDENIS VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK TOT 1887

### 2.4.1 Inleiding

Na die ondertekening van die verdrag met Dinizulu het die Boere-komitee ontbind om plek te maak vir 'n verkose Volksraad waarvan die lede elke drie jaar verkies sou word. Op 17 Augustus 1884 is die totstandkoming van die nuwe staat geproklameer. Die nuwe staat het sy be=slag gekry onder die naam "Nieuwe Republiek" (46)

### 2.4.2 Die grondkwessie

#### 2.4.2.1 Afbakening van grense

Op 26 Augustus 1884 is die grense van die Nieuwe Republiek aangekondig. As sy noordelike grens het die Nieuwe Repu=bliek die Pongolarivier as sy algemene grenslyn verklaar. Aan die oostekant was die Umkuzirivier min of meer die grens tussen die Nieuwe Republiek en Zoeloeland. Aan die suidekant is dit begrens deur die Zoeloereservaatge=bied (Nqutu) en aan die westekant deur die distrik Ut=recht. (47)

Binns beweer dat die oostelike grens van die Nieuwe Repu=bliek, wat algemeen ter sprake was tydens die onderhande=linge, gestrek het van Babanango tot by N'Hlazaatje,

---

(46) Leverton en Pringle, op. cit., p. 17.

(47) Ibid., p. 19.

daarvandaan tot by Ngome en daarvandaan in 'n noordelike rigting tot by 'n punt op die Bivanarivier. (48) Toe die grenslyn, soos genoem deur Binns, tydens die opmeet van plase bereik is, was die getal van 800 plase nog nie bereik nie en die Volksraad van die Nieuwe Republiek het opdrag gegee dat summier voortgegaan moes word met die opmeet van plase oor hierdie lyn. Hierdie plase is uitgemeet in die huidige Mtonjaneni-distrik. In latere onderhandelinge tussen die Britse regering en die Nieuwe Republiek sou hierdie plase bekendstaan as "Proviso B". Die oorskryding van die grenslyn het groot ontevredenheid by die Zoeloes en die Britse regering in Natal ontlok. (49)

### 2.4.2.2 Britse inmenging en die herafbakening van grense van die Nieuwe Republiek

Die Zoeloes het nou by die Britse regering aangedring op beskerming. Filantropiese oorwegings, asook die gevaar wat Boerebeheer oor St. Luciabaai vir verdere Britse uitbreiding na die noorde kon meebring, het die houding van die imperiale regering ten opsigte van die anneksasie van Zoeloeland laat verander.(50)
Ooreenkomste is hierop tussen die Goewerneur van Natal en die Volksraad van die Nieuwe Republiek aangegaan. Die Britse regering het ingewillig om die bestaan van die nuwe Boerestaat te erken mits 'n bevredigende grens= reëling met die Zoeloes bereik kon word. Die Nieuwe Re= publiek moes ook afstand doen van sy protektoraatskap

---

(48) Binns, op. cit., p. 57.
(49) Ibid., p. 62.
(50) Ibid., p. 75.

oor Zoeloeland. (51)

Ten einde internasionale erkenning vir hul nuwe staat te verkry, het die Volksraad van die Nieuwe Republiek hiertoe ingestem. Die plase in die Mtonjaneni-distrik, bekend as "Proviso B", is ook deur hierdie ooreenkoms verruil vir grond noord van die Nieuwe Republiek tot teenaan die Lebomboberge. Die waarde van hierdie nuwe plase was baie minder as die plase in die Mtonjaneni-gebied. (52)

ŉ Kommissie bestaande uit verteenwoordigers van die Nieuwe Republiek, die Zoeloes en die Britse regering, het die oostelike grens van die Nieuwe Republiek opnuut bepaal. Die grondkommissie het sy werk op 25 Januarie 1887 afge=sluit toe die laaste baken opgestel is. (53)
Die nuwe grenslyn van die Nieuwe Republiek het by die Pongolapoort op die Pongolarivier begin, suidooswaarts gestrek tot waar die Umkuzirivier die Umkuzipoort bereik het, daarvandaan langs hierdie rivier in ŉ suidelike rigting oos van N'Hlazaatje tot by die Wit Umfolozirivier, daarvandaan suidwaarts na die Umhlatuzirivier langs die Mtonjaneni-heuwels. (54)

### 2.4.3 Die wyse van vestiging

(51) Leverton en Pringle, op. cit., p. 31.
(52) Wiggett, J.: Herinneringe. s.p.
(53) Binns, op. cit., p. 98.
(54) Leverton en Pringle, op. cit., p. 33.

### 2.4.3.1 Opmeet van plase

Die opmeet van plase was ŉ tydrowende proses. Vier in=speksiekomitees is vir dié doel gebruik. Elke komitee het bestaan uit vier lede en elke lid was gewapen met ŉ kompas. Geneem teen ŉ spoed van 100 treë per minuut te perd is die vier sye van ŉ plaas elk in ongeveer 40 minute afgemeet. Twee lede van elke komitee het in ŉ noordoostelike rigting gery, ŉ plaasbreedte van mekaar, terwyl die ander twee lede dan in die dwarste gery het, ook ŉ plaasbreedte van mekaar. Op die kruispunte is dan bakens opgestel en ŉ rowwe fotografiese kaart van elke plaas geteken. (55)

### 2.4.3.2 Die grootte van plase

Volgens Binns het die Boere tydens hul eerste onderhande=linge met die Zoeloes 800 plase van 6 000 akker elk ge=eis. (56)
Volgens Wiggett was die plase wat aan lede van die Raad (Volksraad) en aan die opmeters toegeken is 2 000 morg groot. Die ander plase was elk 1 700 morg en die plase wat aan laatkommers toegeken is elk 800 morg. (57)

### 2.4.4 Verdeling in wyke

Ten einde die administrasie van die nuwe staat te verge=maklik, is die gebied in vier wyke verdeel, elk onder

---

(55) Leverton en Pringle, op. cit., p. 27.
(56) Binns, op. cit., p. 58.
(57) Wiggett, op. cit., s.p.

beheer van 'n veldkornet. Die presiese grense van die vier wyke kon nie vasgestel word nie. Wyk 2 het klaar=blyklik die gebiede Hlobane, Ngotshe en Magudu beslaan. (58) Die eerste veldkornet van Wyk 2 was T. Vermaak. Vermaak is egter van sy pos onthef en is opgevolg deur J. Wiggett. Wiggett is egter verkies as lid van die Uitvoerende Raad en moes as veldkornet bedank. (59) Dit is nie bekend wie Wiggett opgevolg het nie. Dit is egter bekend dat L. Botha ook veldkornet van Wyk 2 was. Sy plaas Waterval, naby Hlobane, het in Wyk 2 geval. Tydens 'n opname van swart bewoners van elke wyk, het Botha berig dat in Wyk 2 alleen 2 900 Zoeloes woonag=tig was. (60)

Volgens opnames van wykskole in die Vryheidse distrik gedurende die periode dat Vryheid 'n distrik van die Zuid-Afrikaanse Republiek was, wil dit voorkom of Wyk 1 bestaan het uit Vryheid (dorp) en die gebied ten weste van die dorp, tot by die Utrechtse grens. (61) Die veldkornet van Wyk 1 was I.P.F. Henderson. (62) Wyk 3 was die gebied ten ooste van Vryheid (dorp) tot aan die Babanangogrens. (63) Die veldkornet van Wyk 4 was I. Vermaak. (64)

### 2.4.5 Vryheid-dorpsaanleg

Die hoofstad van die Nieuwe Republiek is aan die voet

---

(58) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.
(59) Wiggett, op. cit., s.p.
(60) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.
(61) Verslag van de Schoolinspectiën, 1892. (ZAR 121).
(62) Wiggett, op. cit., s.p.
(63) Verslag van de Schoolinspectiën, 1892.
(64) Wiggett, op. cit., s.p.

van die Zungwiniberg, bekend as Lancaster Hill, uitge= lê. (65) 'n Landmeter met die naam Maarschalk is opdrag gegee om die dorp uit te meet en het 'n plaas vir sy moei= te ontvang. Driehonderd erwe is opgemeet, maar slegs die helfte is verkoop. Erwe is ook afgesonder vir 'n skoolraad, kerkraad en sendinggenootskappe. (66)

Die Nieuwe Republiek se dorpsregulasies het voorsiening gemaak vir plaaslike bestuur wat beheer sou uitoefen oor watervoorsiening, vore en strate. Voorsiening is ook gemaak vir markregulasies. Niemand kon meer as 20 skape, 50 beeste of 6 perde op die dorpsgrond laat wei nie. (67)

### 2.4.6 Dierelewe

Soos elders in Suid-Afrika is die natuurlike wildlewe ook in die Vryheidse distrik uitgeroei. Hier en daar tref 'n mens boere aan wat 'n klompie blesbokke aanhou. Lancaster Hill by Vryheid is omskep in 'n wildpark waar sekere wildsoorte aangehou word.

Volgens oorlewering was wild in die omgewing van Vryheid aan die begin van hierdie eeu redelik skaars. In die laer distrikte was daar egter nog baie luiperds, leeus, seekoeie, olifante en renosters. Jaggeselskappe het ge= reeld elke winter gaan jag. Luislange en krokodille was ook volop. (68)

---

(65) Leverton en Pringle, op. cit. p. 27.
(66) Ibid., p. 27.
(67) Ibid., p. 27.
(68) Gresty, op. cit., p. 14.

## 2.5 DIE NIEUWE REPUBLIEK ONDER BEHEER VAN DIE ZUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK: 1888-1899

### 2.5.1 Inleiding

In die wete dat die Nieuwe Republiek op politieke gebied nie die mas sou kon opkom nie, het die Volksraad onder=handelinge met die Zuid-Afrikaanse Republiek aangeknoop ten einde politieke aansluiting by die Zuid-Afrikaanse Republiek te bewerkstellig. Aangesien die meerderheid boere in die Nieuwe Republiek afkomstig was uit die Zuid-Afrikaanse Republiek, sou inskakeling by die Z.A.R. op geen gebied ontwrigtende probleme meebring nie. Trouens, die Nieuwe Republiek kon slegs baat by die gevestigde administrasie van 'n ekonomies florerende staat.

### 2.5.2 Reëlings en wyse van insluiting

Na onderhandelinge tussen die twee republieke is die Verdrag van Vereeniging op 14 September 1887 te Pretoria gesluit. (69)

Artikel 1 van die verdrag lui: "De Nieuwe Republiek en de Zuid-Afrikaanse Republiek verklaren hierby sich te vereenigen tot eenen staat." Artikel 4 lui verder: "Dit grondgebied zal ingelijfd zijn als een district... onder de naam van Vrijheid." (70)

Die verdrag tussen die Zuid-Afrikaanse Republiek en die

---

(69) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.
(70) Ibid., s.p.

Nieuwe Republiek is deur beide se volksrade goedgekeur op 2 Julie en 5 Junie 1888 onderskeidelik. Die Z.A.R. het tot inlywing ingestem mits so 'n stap die goedkeuring van die Britse regering wegdra. Onderhandelinge is ver= volgens aangeknoop tussen die regerings van die Z.A.R. en Brittanje. Gekwalifiseerde Britse goedkeuring is verkry en op 20 Julie 1888 is die finale uitruilingsoor= eenkomste tussen die Z.A.R. en die Nieuwe Republiek ge= sluit. (71) Vanaf 21 Julie 1888 sou die Nieuwe Republiek bekend staan as die distrik Vryheid, onder die Zuid-Afri= kaanse Republiek. (72)

In die Eerste Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek is die Vryheidse distrik verteenwoordig deur L. Meyer en vanaf 1891 deur L. Botha. (73) In die Tweede Volks= raad is die Vryheidse distrik verteenwoordig deur J.F. van Staden en vanaf 1891 deur B.G. Brecher. (74)

Vryheid sou op 17 Maart 1892 besoek ontvang van president S.J.P. Kruger, Staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Alle inwoners van die distrik is opgeroep om die President 'n heerlike verwelkoming te gee. (75)

---

(71) Schiel, op. cit., p. 160.

(72) Goldman, P.L.A.: Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archiefgroepen der Zuid-Afrikaanse Re= publiek, p. 110.

(73) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid. 1899-02-15. s.p.

(74) Ibid., 1899-02-15. s.p.

(75) Ibid., 1892-03-03. s.p.

## 2.6 VRYHEID GEDURENDE DIE ANGLO-BOERE-OORLOG: 1899-1902

### 2.6.1 Vryheid se aandeel gedurende die Oorlog

Die wel en wee van die Zuid-Afrikaanse Republiek sou ook na 1888 die Vryheidse distrik s'n wees. Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog op 11 Oktober 1899 was baie bewoners van die Vryheidse distrik gereed om hul offers te bring vir die beskerming van hul republiek.

Vanuit die Vryheidse distrik het generaal L. Meyer Natal met 'n kommando binnegedring en die eerste skote van die oorlog op Talana by Dundee afgevuur. L. Botha was tweede in bevel van hierdie kommando. (76)

Met die terugtrekking van die Boeremagte uit Natal in 1900 is die Britse opmars ook na Vryheid uitgebrei. Op 20 Mei 1900 is 'n mag van Bethuen by Scheepersnek, 10 kilometer buite Vryheid, in 'n hinderlaag gelok met gevolglike swaar verliese vir Bethuen. (77) Op 18 Septem=ber moes generaal C. Botha se kommando Vryheid ontruim. Op Woensdag 19 September 1900 het die Britse 5de divisie onder bevel van lt.-genl. Hillyard die dorp Vryheid be=set. (78) Op 11 Desember 1900 het 'n kommando onder bevel van L. Botha gepoog om die dorp te ontset. Die poging het egter misluk. (79)

Teen die einde van die oorlog het die Britse bevelhebbers

---

(76) Selby, J.: The Boer War, pp. 50-57.
(77) Gresty, op. cit., p. 36.
(78) Ibid., p. 39.
(79) Ibid., p. 40.

ook hul "Swart aarde" beleid na die Vryheidse distrik uitgebrei. Baie plase is afgebrand, onder andere die plaashuis van L. Botha. (80) Teen die einde van die oorlog het die Engelse magte ook die Zoeloes betrek in hul stryd teen die Boere. Baie plase is deur die Zoeloes verwoes en blankes is vermoor. (81)

### 2.6.2 Die Holkransmoord

Aan die begin van Mei 1902, nadat die Boere en die Britte reeds op 'n skietstilstand besluit het, het burgers in die Vryheidse omgewing van L. Botha bevel ontvang om van die krale van 'n sekere Zoeloekaptein, Skobobo af te brand en sy beeste te neem. Skobobo was volgens L. Botha gedurende die oorlog verantwoordelik vir die dood van etlike blankes in die Vryheidse distrik. (82)

Onder veldkornet J. Potgieter is die bevel uitgevoer. Skobobo se krale is afgebrand en sy beeste afgeneem. Die nag van 5 Mei 1902 is kamp opgeslaan op J. Potgieter se plaas, Bloemendal. Potgieter self was blykbaar onder die indruk dat hulle uitgespan het op sy buurplaas Hol=krans. (83) Aangesien vyandelikhede tussen Britte en Boeremagte reeds gestaak was, is geen wagte die nag uitge=plaas nie.

---

(80) Anon.: Vryheid: 'n Terugblik. (Feesprogram ter gedagtenis aan die besoek van die Rapportryers aan Vryheid op 1949-11-24)
(81) Schütte, Frau Hedwig.: Die Vorgeschichte der Gemeinde Vryheid. (In: Gemeinde Vryheid. 1921-1971)
(82) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid, p. 190.
(83) Ibid., p. 190.

Die oggend van 6 Mei 1902 om 04h00 is die kommando aangeval deur honderde Zoeloes. Die burgers het moedig geveg. Hulle patrone het egter opgeraak en hulle moes hulleself verdedig met slegs hulle geweerkolwe. Van die 72 burgers het 56 in hierdie aanval die lewe gelaat. (84) Die been=dere van 54 van hierdie slagoffers is in 1905 herbegrawe op die perseel van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Moedergemeente, Vryheid. Potgieter en sy swaer wat op Potgieter se plaas, Bloemendal, begrawe was, is op 6 Mei 1970 by die ander 54 herbegrawe. (85)

-ooOoo-

---

(84) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid, p. 190.
(85) Ibid., p. 192.

## 2.7 POLITIEKE EN STAATKUNDIGE GEBEURE VANAF 1902 TOT 1975

### 2.7.1 Inlywing van die Vryheidse distrik by die kolo= nie Natal

Tydens die onderhandelinge met die Vrede van Vereeniging het die Britse regering daarop aangedring dat die distrik= te Vryheid, Utrecht en 'n deel van die distrik Wakkerstroom by die kolonie Natal ingelyf word. Reeds so vroeg as November 1899 is daar van Natalse kant versoeke tot Mil= ner gerig vir die inlywing van hierdie distrikte by Na= tal. (86)

Geografies vorm hierdie distrikte deel van Natal. Die eis is toegestaan en Natal se bevolking het hierdeur vermeerder met tussen 8 000 en 10 000 blanke bewoners en nagenoeg 50 000 swart bewoners. (87) Natal se grond= gebied is deur die inlywing vergroot met tussen 18 000 en 21 000 vierkante kilometer. In ruil moes die Natalse regering onderneem om R1 400 000 van Transvaal se oorlog= skuld oor te neem. (88)

Na die vredesluiting het die Natalse regering stappe gedoen om hierdie distrikte wetlik in te lyf. Aan die distrikte Utrecht en Vryheid is elk twee setels in die Natalse Volksraad toegesê. (89) In 1904 was die verteen=

---

(86) Brookes and Webb, op. cit., p. 211.

(87) Ibid., p. 211.

(88) Muller, op. cit., p. 359.

(89) Natalse Wet no. 39 van 1902.

woordigers vir Vryheid J. Anderson en F. Fergg. (90)

Natalse Wet no. 1 van 1903 het voorsiening gemaak vir die anneksasie van die nuwe distrikte: "to provide for the annexation to the Colony of Natal of certain terri= tories now forming part of the Transvaal Colony." (91) Artikel 2 lui dat die wet bekend sal staan as die "Nor= thern Districts Annexation Act, 1902." (92) Artikel 3 het die gebiede omskryf. Voortaan sou dit bekend staan as die "Northern Districts". (93)

### 2.7.2 Verdeling van die noordelike distrikte

Vanaf 1903 is 'n hele aantal proklamasies uitgevaardig insake grensomskrywings in die noordelike distrikte. 'n Nuwe distrik Paulpietersburg is uit die afgesnyde ge= deelte van Wakkerstroom geskep. (94) Volgens die Natalse proklamasie no. 1 van 1905 is die Vryheidse distrik ver= deel in die distrikte Vryheid en Babanango. (95) Die Natalse proklamasie no. 49/1905 het die oorblywende ge= deelte van die distrik Vryheid verdeel in die distrikte Vryheid en Ngotshe. (96)

In die Natalse proklamasie no. 2/1906 is die grense van die distrikte Vryheid, Utrecht en Paulpietersburg, soos

---

(90) Brookes and Webb, op. cit., p. 212.
(91) Natalse Wet no. 1 van 1903, art. 1.
(92) Ibid., art. 2.
(93) Ibid., art. 3.
(94) Natalse proklamasie no. 10 van 1903.
(95) Natalse proklamasie no. 1 van 1905.
(96) Natalse proklamasie no. 49 van 1905.

na die verdelings, omskryf. (97) Die Natalse proklamasie no. 18/1908 het die distrikte Vryheid en Babanango weer verenig in die distrik Vryheid. (98) Volgens Goewerments=kennisgewing no. 299/1931 is die subdistrik Babanango weer afgestig en tot 'n volwaardige distrik verklaar. (99)

2.7.3 Uniewording en gebeure na 1910

Op 31 Mei 1910 het die vier Britse kolonies in Suid-Afrika saamgesmelt in die Unie van Suid-Afrika met L. Botha as premier. (100)

Hoewel die distrik Vryheid 'n sterk Engelse inslag het, was die oorgrote meerderheid van die bewoners van die distrik Afrikaanssprekend, konserwatief en republikeins=gesind.

Die stryd teen Milnerisme en verengelsing het na 1910 nog in die Vryheidse distrik voortgeduur, veral ten opsig=te van die erkenning van Afrikaans as medium van onderrig op skool. (101)

In die twintigerjare van hierdie eeu het die vlagstryd ook in die Vryheidse distrik weerklank gevind. Dit is egter opmerklik hoedat daar, sedert die stigting van die Nieuwe Republiek, in die Vryheidse distrik 'n besondere

---

(97) Natalse proklamasie no. 2 van 1906.
(98) Natalse proklamasie no. 18 van 1908.
(99) Goewermentskennisgewing no. 299 van 1931.
(100) Muller, op. cit., p. 344.
(101) Van der Merwe, J.: Voertaal: Die Vryheidse Hoër=skool. (In: Afrikaans. 1875-1975. p. 16).

mate van verdraagsaamheid, begrip en respek tussen Afri= kaners en Engelse geheers het ten opsigte van die kultuur van die ander. So is daar op 'n vergadering wat in die Empire teater op Vryheid gehou is, 'n voorstel aangeneem dat aan die Volksraadslid vir Vryheid opdrag gegee moes word om die Regering te verwittig dat die bewoners van die Vryheidse distrik geen vlag sou aanvaar wat nie beide die Union Jack en die Vierkleur insluit nie. (102)

Op 31 Mei 1928 het die amptelike hysing van die Unie= vlag plaasgevind. (103) Die tweestokbeleid is egter nooit in die Vryheidse distrik toegepas nie. Na 1928 het slegs die Unievlag oor die Vryheidse distrik gewap= per. (104)

Die onderstaande tabel toon die Volksraadsverteenwoordi= gers uit die Vryheidse distrik, sowel as die politieke partye deur hulle verteenwoordig, vir die periode 1910 tot 1974.

Volksraadslede en Partyverband: 1910-1974

| Periode | Naam van lid | Partyverband |
|---|---|---|
| 1910-1915 | Genl. M.W. Myburgh | Onafhanklike (105) |

---

(102) Die Redakteur: The Vryheid and District Gazette, 1927-05-20. s.p.

(103) Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W.: Die Nasionale Party, p. 279.

(104) Die Redakteur: The Vryheid and District Gazette, 1927-05-20. s.p.

(105) Schoeman, B.M.: Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, p. 31.

| Periode | Naam van lid | Partyverband | |
|---|---|---|---|
| 1915-1920 | Genl. M.W. Myburgh | S.A.P. | (106) |
| 1920-1921 | J.J.C. Emmett | S.A.P. | (107) |
| 1921-1924 | E.G. Jansen | N.P. | (108) |
| 1924-1929 | E.G. Jansen | N.P. | (109) |
| 1929-1933 | E.G. Jansen | N.P. | (110) |
| 1933-1938 | E.G. Jansen | N.P. Koalisie | (111) |
| 1938-1943 | E.G. Jansen | V.P. | (112) |
| 1943-1948 | L.S. Steenkamp | V.P. | (113) |
| 1948-1953 | G.J. Fullard | A.P. | (114) |
| 1953-1958 | D.J. Potgieter | N.P. | (115) |
| 1958-1961 | D.J. Potgieter | N.P. | (116) |
| 1961-1966 | D.J. Potgieter | N.P. | (117) |
| 1966-1970 | J.P.C. le Roux | N.P. | (118) |
| 1970-1974 | J.P.C. le Roux | N.P. | (119) |
| 1974- | J.P.C. le Roux | N.P. | (120) |

---

(106) Schoeman, B.M.: Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, p. 64.

(107) Ibid., p. 93.

(108) Ibid., p. 142.

(109) Ibid., p. 142.

(110) Ibid., p. 171.

(111) Ibid., p. 199.

(112) Ibid., p. 234.

(113) Ibid., p. 268.

(114) Ibid., p. 298.

(115) Ibid., p. 331.

(116) Ibid., p. 363.

(117) Ibid., p. 403.

(118) Ibid., p. 436.

(119) Ibid., p. 471.

(120) Ibid., p. 508.

### 2.7.4 Die Ontwikkeling van plaaslike bestuur

Na die Anglo-Boere-oorlog was Vryheid onder beheer van 'n "Local Board." (121) Op 2 Mei 1912 het die dorp egter munisipale status ontvang en sedertdien word die dorp deur 'n stadsraad regeer. Die eerste burgemeester was J. Anderson. (122)

Die munisipale grense omsluit nog dieselfde grond wat deur die Volksraad van die Nieuwe Republiek opsy gesit is vir dorpsontwikkeling. Die grootte van die munisipa= le grond is 5 261 hektaar. Die stadsraad het dit nog nie nodig gevind om addisionele grond vir dorpsontwikke= ling aan te koop nie. (123)

Vryheid verkry sy water uit die Magotrivier. Drie opgaar= damme, nl. die Grootgewagt-, Bloemveld- en Rietvleidam, het tot dusver in die behoefte van die dorp voorsien. (124)

In 1934 het 3 500 blankes binne die munisipale grense van Vryheid gewoon. (125) Vanaf die tweede helfte van die sewentigerjare het fenomenale uitbreiding plaasge= vind wat meegebring is deur die ontginning van nuwe steen= koolbronne, asook die bouwerk aan die Richardsbaaispoor= lyn. Die trajek het die bou van 'n groot spoorwegaan= sluiting op Vryheid genoodsaak. Teen 1975 was daar in Vryheid (dorp) 8 055 blankes, 8 000 swartes en 156 kleur= linge woonagtig. (126)

---

(121) Meegedeel deur P. Gräbe, Stadsklerk van Vryheid.
(122) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid, p. 82.
(123) Meegedeel deur P. Gräbe, Stadsklerk van Vryheid.
(124) Ibid.
(125) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.
(126) Meegedeel deur P. Gräbe, Stadsklerk van Vryheid.

## 2.8 EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE VRYHEIDSE DISTRIK TOT 1975

Die Vryheidse distrik het 'n baie gematigde klimaat. Die gebied het 'n gemiddelde reënval van 875 mm per jaar waarvan 85% tussen Oktober en Maart val. (127)

Wuiwende grasvelde maak die gebied by uitnemendheid geskik vir beesboerdery. Die intensiewe verbouing van mielies is 'n meer onlangse ontwikkeling in die landbougeskiedenis van die gebied. Afgesien van beesboerdery sentreer die ekonomiese ontwikkeling van die distrik hoofsaaklik om mynbou. Ontwikkeling in die mynbedryf het weer aanleiding gegee tot die oprigting van sekondêre nywerhede. Die sensus van 1930 toon dat daar in die betrokke jaar in die Vryheidse distrik (wat egter ook die distrikte Ngotshe en Babanango ingesluit het) die volgende produkte geproduseer is: 2 600 000 lb. katoen, 178 000 sak mielies, 25 000 sak kafferkoring, 83 600 lb. botter en 2 079 000 lb. wol. Hierbenewens was daar in die gebied 47 300 skape, 121 000 beeste, 8 000 perde, 5 600 Angorabokke, 119 000 bokke en 5 500 varke. (128)

Die sensus vir 1975 toon dat daar in die Vryheidse distrik (uitgesluit die distrikte Ngotshe en Babanango) gedurende 1975 die volgende produkte geproduseer is: 23 829 ton mielies, 213 ton graansorghum, 421 ton koring, 197 ton

---

(127) Vryheid Today.: (In: Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.)

(128) Ibid., s.p.

sojabone (129) en 753 689 kg. katoen. (130) Hierbenewens was daar in die distrik 117 491 beeste, 41 951 skape, 6 941 bokke, 9 805 varke en 108 907 hoenders. (131) In dieselfde jaar was daar 24 produserende myne in die distrik waarvan 17 steenkoolmyne was (132) en 7 ander myne. Die totale inkomste van die myne vir die jaar 1975 was R 91 501 000. (133) In 1972 was daar reeds 22 fabrieke in Vryheid. (134)

-ooOoo-

---

(129) Verslag oor Landbou en Veeteeltproduksie, 1975. Landbousensus no. 48. (In: Report no. 06/01/12. p. 119).

(130) Ibid., p. 131.

(131) Ibid., p. 164.

(132) Departement van Statistiek: Mynwese. Finansiële statistieke, 1975. (In Report no. 16/01/06, p. 10).

(133) Ibid., p. 7.

(134) Departement van Statistiek: Sensus van fabriekswe= se op ŉ Streeksbasis. (In Report no. 10/01/29, p. 22).

## 2.9 PERSOONLIKHEDE EN HISTORIESE GEDENKWAARDIGHEDE VAN DIE VRYHEIDSE DISTRIK

### 2.9.1 Belangrike persoonlikhede uit die Vryheidse distrik

Uit die Vryheidse distrik het manne gekom wat diep spore op die pad van Suid-Afrika getrap het en wat groot invloed uitgeoefen het op die politieke, militêre, opvoedkundige en sosiaal-maatskaplike ontwikkeling van die Suid-Afri= kaanse nasie en die Afrikanervolk. Enkele van die baie name kan maar slegs genoem word:

Generaal L. Meyer : Staatspresident van die Nieuwe Republiek, 1884-1888. Na inlywing van die Nieuwe Republiek by die Zuid-Afrikaanse Republiek word hy volksraadslid vir Vryheid. Ty= dens die Anglo-Boere-oorlog tree hy as Boeregeneraal op. (135)

T.C. Stofberg: Hoof van die dorpskool op Vryheid. Onder die Z.A.R. word hy aangestel as inspekteur van skole. Hy het gedien as L.U.K. en senator en was 'n opvoedkundige by uitne= mendheid. (136)

Generaal L. Meyer : Tydens die kroning van Dinizulu by Zalf= laager was L. Botha lid van die Boere= kommando onder L. Meyer. Hy was ook lid van die kommando wat teen Usibepu

---

(135) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid, s.p.
(136) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1937. p. 4.

geveg het. In 1898 was hy Volksraadslid vir Vryheid in die Eerste Volksraad van die Z.A.R. In 1900 het hy generaal P. Joubert opgevolg as kommandant-generaal van die Transvaalse gewapende magte. In 1906 het hy leier geword van die Het Volk Party in die Transvaal. Vanaf 1910 tot 1919 het hy as Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika gedien. (137)

E.G. Jansen: Volksraadslid vir Vryheid vanaf 1921 tot 1943. Hy word minister van Naturellesa= ke en Besproeiing en later die eerste Suid-Afrikaansgebore goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika. As volks= man, stryder vir die Afrikaanse taal en vir die opheffing van die Afrikaner tel die naam van E.G. Jansen onder die grootstes van die Afrikanervolk. (138)

### 2.9.2 Historiese Monumente

Geboue wat as historiese gedenkwaardighede verklaar is, is die Kerkgebou van die Nederduits Gereformeerde Gemeen= te, Moedergemeente, Vryheid, asook die ou Raadsaal van die Volksraad van die Nieuwe Republiek wat vandag diens doen as die Nieuwe Republiek Museum. (139)

---

(137) Meintjies, J.: Generaal Louis Botha, pp. 10-60.

(138) Die Redakteur: The Vryheid and District Gazette, 1929-06-21. s.p.

(139) Meegedeel deur mev. M.F. Boshoff, Kuratrise van die Nieuwe Republiek Museum, Vryheid.

### 2.9.3 Gedenkstene en oorlogsgrafte

By Kambula, ten weste van Vryheid, is 'n monument opgerig ter nagedagtenis aan Britse offisiere en manskappe wat tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 daar gesneuwel het. (140)

Ten ooste en weste van Hlobaneberg het Britse offisiere en manskappe, sowel as P.L. Uys, tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 gesneuwel. (141)

Op die perseel van die N.G. Kerk, Moedergemeente, Vryheid, is twee gedenknaalde opgerig ter gedagtenis aan manskap=pe wat tydens die Holkransmoord omgekom het sowel as burgers wat tydens die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 die lewe gelaat het. (142)

Op die perseel van die Anglikaanse Kerk, Vryheid, is 'n monument opgerig ter ere van manskappe uit die Vryheid=se distrik wat tydens die twee Wêreldoorloë omgekom het. (143)

In die Vryheidse munisipale begraafplaas is die grafte van generaal L. Meyer, generaal C. Emmett, generaal D.J. Opperman (op 4 Januarie 1902 naby Ermelo noodlottig gewond), asook 'n hele aantal grafte van Boere en Britte wat tydens die Anglo-Boere-oorlog gesneuwel het. (144)

---

(140) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.

(141) Meegedeel deur mev. M.F. Boshoff, Kuratrise van die Nieuwe Republiek Museum, Vryheid.

(142) Ibid.

(143) Ibid.

(144) Ibid.

In die militêre begraafplaas op Scheepersnek is Britse offisiere en manskappe wat tydens die gevegte op Schee=persnek gesneuwel het, begrawe. (145)

-ooOoo-

---

(145) Meegedeel deur mev. M.F. Boshoff, Kuratrise van die Nieuwe Republiek Museum, Vryheid.

## 2.10 DIE ROL VAN DIE JOODSE EN DUITSE GEMEENSKAPPE IN DIE GESKIEDENIS VAN VRYHEID

### 2.10.1 Die bydrae van die Joodse gemeenskap

Die Joodse gemeenskap in die Vryheidse distrik het 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die dorp en distrik.

Die broers S. Baranov en I. Baranov was saam met L. Meyer en die Boere by Zalflaager vir die kroning van Dinizulu. Hulle het saamgegaan as "War commissariat" en was toevertrou met die Boere se fondse. (146) Die broers Baranov was later die handelaars in Vryheid en het die enigste winkel op die dorp besit. Na die Anglo-Boere-oorlog het hul swaer, dr. A. Tren, na Vryheid verhuis as die eerste distriksgeneesheer.

Die stigter van die Joodse gemeenskap in Vryheid was egter I. Baranov se vrou wat saam met haar uit Duitsland die toebehore vir 'n sinagoge op Vryheid gebring het. Dit was in 'n kamer in hul huis geïnstalleer totdat die eerste sinagoge in 1904 gebou is. Dr. J.L. Landau het die eerste diens in die sinagoge waargeneem. (147)

### 2.10.2 Die bydrae van die Duitse gemeenskap

'n Aansienlike deel van die bewoners van die Vryheidse distrik is Duitssprekend. Teen die begin van die eeu

(146) Holz, L. & Saron, G.: The Jews in South Africa, p. 342.

(147) Ibid., p. 343.

was daar egter weinig Duitsers in Vryheid. (148)

Voor die Anglo-Boere-oorlog was H. Schutze, seun van 'n Duitse sendeling in Zoeloeland, posmeester op Vryheid. Daar was ook A. von Levetzow, 'n Duitse edelman uit Mecklen= burg, wat 'n boekwinkel gehad het waar Stegens Garage vandag is. Von Levetzow was ook landdros op die dorp. (149) Dan was daar die prokureur Katzenstein wat 'n lewen= dige belangstelling in die onderwys gehad het. (150)

F. Fergg was ook 'n Duitser wat Vryheid in 1904 in die Natalse Volksraad sou verteenwoordig. (151) Ook was daar die waardige ou heer, A. de Neufville. Nie een van hulle is egter met 'n Duitse meisie getroud nie. (152)

Die grondleggers van die Duitse gemeenskap in die Vry= heidse distrik aan die begin van die twintigste eeu was die familie Regenass. Later het Duitsers hulle gevestig in die omgewing van Scheepersnek en Glückstadt. Omdat grond in die Vryheidse distrik goedkoop was, het meer Duitsers soos die Hansen- en Reichefamilie hulle hier gevestig. Hulle het meestal met wattelbome geboer en 'n groot sukses daarvan gemaak. (153)

---

(148) Muller, Mej. E.: Die groei en ontwikkeling van die Duitse deel van die bevolking van Vryheid. (In: Aandenkingsprogram: Vryheid stad se 75ste Jaarfees) s.p.

(149) Ibid., s.p.

(150) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1892-03-10. s.p.

(151) Brookes and Webb, op. cit., p. 211.

(152) Muller, E.: Die groei en ontwikkeling van die Duitse deel van die bevolking van Vryheid. s.p.

(153) Ibid., s.p.

Dit was egter eers na die Tweede Wêreldoorlog dat groot getalle Duitsers uit Suidwes-Afrika, Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) en selfs Duitsland hulle in die Vryheidse distrik kom vestig het. (154)

-ooOoo-

---

(154) Muller, E.: Die groei en ontwikkeling van die Duitse deel van die bevolking van Vryheid. s.p.

## 2.11 BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN ENKELE KERKE IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK

### 2.11.1 Die Nederduits Gereformeerde Kerk, Moedergemeen=te, Vryheid

Met die stigting van die Nieuwe Republiek was daar geen predikant in die Vryheidse distrik om die lidmate van die kerk te bedien nie. Vir die verkondiging van die Woord was die bewoners van die gebied aangewys op die dienste van die konsulent van Utrecht. Die behoefte om oor te gaan tot die stigting van 'n gemeente was baie sterk en op 25 September 1886 is 'n openbare kerkvergade=ring gehou waarop die gemeente formeel gestig is. (155)

Op hierdie kerkvergadering is daar 'n begin gemaak met die aanlê van 'n lidmaat- en doopregister. Daar is be=sluit dat die halfvoltooide skoolgebou voorlopig as nood=kerk diens kon doen. Elke familie kon hul eie banke in die noodkerk aanbring. (156) Voorts is besluit om voorlopig die wet van die Nederduits Hervormde of Gere=formeerde Kerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek te ge=bruik. Daar is ook oorgegaan tot die beroep van 'n leraar vir die gemeente. (157)

Teen die einde van 1890 is besluit om oor te gaan tot

---

(155) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1891-12-31. s.p.

(156) Anon.: Gedenkblad. N.G. Kerk Vryheid Moederge=meente, 1886-1961. s.p.

(157) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1891-12-31. s.p.

die bou van 'n kerk. Tot die boukommissie is verkies ds. A.J. Louw, L.J. Meyer, P.M. Bester, L. Botha, A.A. van Schalkwyk, J.C. Pretorius en T.C. Stoffberg. (158)

Daar is besluit dat die kerk 800 sitplekke, 'n toring met 'n klok en horlosie, ten minste een galery met 'n "or= gel" moes hê en die bouwerk en styl moes van goeie gehal= te en smaak wees. (159)

As argitekte is aangewys Wilson en Barr van Durban. Die kontrakteur was D. Nicholson en die tenderprys vir die oprigting van die gebou was R24 770. Op 25 September 1891, op die vyfde verjaarsdag van die gemeente, is die hoeksteen gelê deur L. Meyer. In die hoeksteen is wegge= bêre die oorkonde, 'n eksemplaar van die "Heilige Skrif", 'n eksemplaar van die "Staats Courant" van die Nieuwe Republiek, 'n eksemplaar van die "Staats Courant" van die Zuid-Afrikaanse Republiek, 'n "Kerkbode", 'n kopie van programme van die feestelikhede, asook enkele munt= stukke wat gedurende daardie tyd in gebruik was. (160) In 1898 is 'n ringmuur van sandsteen en 'n traliewerk om die kerkgebou opgerig. (161) Voor die ingang van die kerkgebou is ook twee gedenknaalde opgerig. Die eerste is op 28 Januarie 1904 opgerig ter ere van die gesneuwel= des uit die Vryheidse distrik tydens die Tweede Vryheids= oorlog. Die tweede gedenknaald is opgerig op 20 Januarie 1905 ter gedagtenis aan die gesneuweldes tydens die Hol=

---

(158) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1891-12-31. s.p.

(159) Anon.: Gedenkblad, N.G. Kerk Vryheid Moedergemeen= te, 1886-1961. s.p.

(160) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1891-12-31. s.p.

(161) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.

kransmoord. (162)

Die eerste herstelwerk aan die kerkgebou is in 1930 aan= gebring. Helberg is as argitek benoem. Die tender vir die verfwerk is toegestaan aan A. Beyerfeldt en die tender vir die reparasies en bouwerk aan Gresty. Laasgenoemde tender het R4 486 bedra en het onder andere ingesluit die aanbring van ŉ nuwe dak en sitplekke op die gale= rye. (163)

In Oktober 1953 is begin met die bou van ŉ kerksaal. Die kontrakteur was ene Van Heerden wat ook self die sketsplanne opgestel het. (164)

Op 28 November 1969 het die kerkraad besluit dat herstel= werk aan die kerkgebou weer eens nodig geword het. In April 1970 is die werk aangepak deur die firma Misselhorn en Bühler. Die argitek was H. Taljaard van Johannesburg. Herstelwerk het onder andere ingesluit ŉ nuwe vloer, nuwe banke onder in die kerk, nuwe staalvensters, nuwe ligte, ŉ nuwe dak, die herstel van die orrel, asook die behandeling van die sandsteenblokke waarmee die kerk gebou is. Die koste het R78 000 bedra. (165)

Die beginjare was egter ŉ baie moeilike tyd in die lewe van die gemeente. Vryheid was ŉ baie groot distrik en die bediening van die gebied moes baie hoë eise gestel

---

(162) Anon.: Gedenkblad, N.G. Kerk Vryheid Moedergemeen= te, 1886-1961. s.p.

(163) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.

(164) Anon.: Gedenkblad, N.G. Kerk Vryheid Moedersge= meente, 1886-1961. s.p.

(165) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.

het aan die leraars. Tydens huisbesoek aan die wyke moes die ouderlinge vir die vervoer van die leraar sorg. (166)

In 1893 is daar besluit om die Engelstaliges in die dis= trik tegemoet te kom. Die oggenddienste op 'n Sondag sou in Hollands wees terwyl die aanddienste in Engels sou wees. (167)

Soos die bewoners van die distrik deur die jare vermeer= der het, het dit van tyd tot tyd nodig geword om nuwe gemeentes te stig. Louwsburg (1929), Vryheid-Suid (1951) en Vryheid-Oos (Hlobane: 1962) het van die Moedergemeente afgestig. (168)

Predikante wat in die Moedergemeente diens gedoen het, was: ds. A.J. Louw (1888-1893), ds. G.F. Marais (1894-1898), ds. E.C. Anderson (1899-1922), ds. C.J. Snyman (1922-1928), ds. F.J. v.d. Merwe (1928-1945), ds. A.F. Malan (1944-1945), ds. G.J. v. Bell (1946-1950), ds. J. Theron (1947-1950), ds. M.M. v. Rooyen (1948-1950), ds. E.H. Latsky (1951-1958), dr. W.J.G. Lubbe (1960-1962), ds. B. Spoelstra (1961-1965), dr. J.T Jordaan (1965-74). (169)

2.11.2 Die Nederduits Gereformeerde Kerk, Vryheid-Oos

Met die ontwikkeling van die steenkoolmyne in die Hlobane-gebied kon die bearbeiding van lidmate in hierdie gebied

---

(166) Distriksrekordboek vir die distrik Vryheid. s.p.
(167) Anon.: Gedenkblad, N.G. Kerk Vryheid Moederge= meente, 1886-1961. s.p.
(168) Ibid., s.p.
(169) Meegedeel deur ds. E. Louw, predikant, N.G. Kerk, Moedergemeente, Vryheid.

nie meer na wense behartig word deur een predikant nie. Die gedagte om af te stig het algaande gegroei en op 26 Oktober 1962 is die ideaal verwesenlik. Die kerk-en-saal-kompleks is in Februarie 1970 in gebruik geneem. Predikante wat in hierdie gemeente diens gedoen het, was: ds. W.J.G. Lubbe (Des. 1962 - Des. 1970), ds. J.P. Viljoen (Julie 1978 - Jan. 1975) en ds. F.J.J. Vercuil (sedert September 1975). (170)

### 2.11.3 Die Nederduits Gereformeerde Kerk, Vryheid-Suid

Op 'n vergadering van die Ringskommissie van die Ring van Utrecht, gehou op 10 November 1951 in die Moederkerk Vryheid, is bekend gemaak dat daar op 'n Ringsvergadering wat op 26 September 1951 te Babanango gehou is, opdrag gegee is dat 'n gemeente afgestig moes word. Die afgestigte gemeente sou bekendstaan as die Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, gemeente Vryheid-Suid. (171)

Vir drie-en-'n-halfjaar is dienste gehou in die Gedenksaal in Markstraat. Op 16 April 1955 is die kerkgebou op die hoek van Afrikaner- en Hoogstraat in gebruik geneem. Die kerk het 516 sitplekke. Teen 1970 het die lidmate al tot meer as 1000 vermeerder en het die kerk te klein geword. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 26 Maart 1971 is gevolglik besluit op afstigting. Die nuwe gemeente wat so ontstaan het, sou bekendstaan as Vryheid-Wes. (172)

---

(170) Vercuil, F.J.J.: Feesuitgawe, N.G. Gemeente Vryheid-Oos, 1962-10-27 tot 1977-10-27. s.p.

(171) Olivier, F.P.: Geskiedenis van die N.G. Kerk, Vryheid-Suid. (In: kwarteeu-fees Gedenkboek van die Ned. Geref. Kerk, Vryheid-Suid, 1951-1976, p.7)

(172) Ibid., p. 10.

Predikante wat in die gemeente Vryheid-Suid diens gedoen het, was: ds. P.C.J. Loots (1952-1957), ds. A.F. Malan (1957-1960), ds. Z.J. van Zyl (1961-1966), ds. A.P.S. Coetzee (1967-1971), dr. J.A. Vorster (1967-1970) en ds. S. van Wyk (sedert 1970). (173)

### 2.11.4 Die Gereformeerde Kerk, Vryheid

Die Gereformeerde Kerk, Vryheid, is die oudste gemeente van die Gereformeerde Kerk in Natal. Die gemeente is op 15 Oktober 1897 gestig. (174) In die koerant "De Nieuwe Republikein" het op 2 Maart 1898 'n berig verskyn dat die Gereformeerde Kerk nagmaal gehad het in die skool= gebou van die heer P.L. Uys. Die gemeente was vasbeslote om 'n kerkgebou op te rig. Nog slegs R1 700 van die bou= koste is benodig. (175) Bouwerk het dan ook spoedig daarna begin en op 11 Februarie 1899 is die hoeksteen gelê deur landdros P.M. Bester. (176)

Die kerkgebou waarmee in 1899 begin is, was met die uit= breek van die oorlog dakhoogte. Die Engelse soldate het die mure afgebreek en met die stene 'n fort gebou. Na die oorlog is daar toe by een of ander instansie 'n saaltjie gekoop om dienste in te hou. (177) Dit het

---

(173) Olivier, F.P.: Geskiedenis van die N.G. Kerk, Vryheid-Suid. (In: kwarteeu-fees Gedenkboek van die Ned. Geref. Kerk, Vryheid-Suid, 1951-1976, p.10)

(174) Anon.: Gereformeerde Kerk Vryheid. (In: Die Kerk= blad, 1975-07-23. s.p.

(175) Die Redakteur: De Nieuwe Republikein, Vryheid, 1898-03-02. s.p.

(176) Ibid., 1899-02-15. s.p.

(177) Anon.: Gereformeerde Kerk, Vryheid. (In: Die Kerkblad, 1975-07-23, s.p.)

later ondoelmatig geword en in 1920 is dit aan die Lut=herse Kerk verkoop. (178) In 1929 is weer 'n saaltjie ge=bou waarby in 1958 'n vleuel aangebring is. In Februarie 1975 is 'n ruim nuwe kerkgebou in gebruik geneem. (179)

Gedurende die eerste 33 jaar was daar hoogstens vier Sondae per jaar predikantsbediening in die gemeente van Vryheid as gevolg van die feit dat die gemeente in ver=skeie kombinasies betrokke was. Aanvanklik het die ge=meente by Transvaal aangeleun en was dit onder andere in kombinasie met die gemeentes Standerton, Volksrust, Ermelo, Breyten, Paulpietersburg en Piet Retief. Sedert 1930 was Vryheid betrokke by die ontwikkeling van die kerkverband in Natal. Aanvanklik was die Gereformeerde Kerk, Vryheid in kombinasie met Durban, Pietermaritz=burg en Ladysmith. Paulpietersburg het in 1899 afgestig, maar in 1951 het dit weer 'n wyk van Vryheid geword. (180)

Die volgende predikante het in die gemeente diens gedoen: di. D. Rumpff, J.V. Coetzee, J.C. v.d. Walt, J.P. van der Berg, D.F. Malan (twee keer), E.J.G. Norval, P.C. Kruger, F.P. du T. Lessing, J.C. Brits en H.J. van der Walt (tot 1975). (181)

### 2.11.5 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Vryheid

Voor die stigting van die gemeente Vryheid het lidmate

---

(178) Lange, H.F. : 50 Jahre Ev. Luth. Gemeinde, Vryheid. (In: Gemeinde Vryheid, 1921-1971, s.p.)

(179) Anon.: Gereformeerde Kerk, Vryheid. (In: Die Kerk=blad, 1975-07-23, s.p.)

(180) Ibid., s.p.

(181) Ibid., s.p.

woonagtig in die Vryheidse distrik, onder die gemeente Glencoe geressorteer.

Die stigting van die Vryheidse gemeente het plaasgevind op 28 April 1951. Die gemeente Glencoe, Ladysmith en Vryheid sou in kombinasie 'n leraar beroep. Met die stig=ting van die gemeente Vryheid was daar 50 belydende lid=mate en 49 dooplidmate. Die belydende lidmate het ver=meerder tot 300 in 1975. (182)

Ten spyte van die klein getal lidmate het die kerk reeds in 1971 die skuld op die kerkgebou vereffen en in 1973 het die gemeente ook finaal van Glencoe afgeskei en se=dertdien bestaan dit selfstandig met 'n eie leraar.

Die volgende predikante het die gemeente bedien: ds. P.L. van Jaarsveld (1954-1956), dr. A.J.G. Dreyer (1962-1964), ds. N.J.J. van Rensburg (1964-1968), ds. J.A. Brandt (1970-1973) en ds. C.J.J. van Rensburg (sedert 1973). (183)

### 2.11.6 Die Evangeliese Lutherse Gemeente, Vryheid

Die Duitse sendinggeskiedenis in Noord-Natal strek so ver terug as 1862. In hierdie jaar is sendingstasies begin by Bethel (Glückstadt), Ekuhlungeni en Enyati, asook by Ehlomohlomo. Vanweë sterftes aan malaria is die blanke besetting van Ekuhlungeni gestaak en die hoof=bedrywighede van die sendingaksie na Bethel verskuif

---

(182) Van Rensburg, C.J.J.: Gemeentenuus: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gemeente Vryheid. (In: Gedenkuitgawe, 1951-1976, pp. 1-12).

(183) Ibid., pp. 1-12.

waar die eerste blanke gemeente van Glückstadt ontstaan het. (184) Vanaf 1907 is die gemeente deur pastoor Schu=mann bedien. (185)

In 1908 is die plaas Duppelrecht (Scheepersnek) van die Regering verkry en het meer Duitsers hulle in die Vry=heidse distrik gevestig. Kerkdienste in Glückstadt, Scheepersnek en Vryheid is waargeneem deur pastoor Schu=mann. Kerkdienste in Scheepersnek is afwisselend gehou in die huise van die gemeentelede aldaar. In Vryheid is dienste gehou aan huis van Frau Regenass. (186)

Pastoor Schumann het aanvanklik geen vervoermiddel gehad nie en moes die afstand tussen Glückstadt en Scheepers=nek, ongeveer 40 kilometer, te voet aflê. Nieteenstaan=de hierdie ongerief het geen storm of onweer hom by 'n enkele geleentheid sy plig laat versuim nie. Nadat hy dan Sondag die twee eredienste op Scheepersnek waargeneem het, het hy Maandag deur Vryheid gestap ten einde die nodige kruideniersware te koop om saam te neem na Glück=stadt. (187)

In 1920 is besluit om die gemeente Scheepersnek-Vryheid af te stig en is pastoor R. Drews beroep. Op 12 Desem=ber 1921 is die pastorie op Scheepersnek in gebruik ge=neem. Die kerkgebou is op 7 Oktober 1923 in gebruik

---

(184) Schütte, H.: Die Vorgeschichte der Gemeinde Vry=heid. (In: Gemeinde Vryheid, 1921-1971, s.p.)

(185) Heynecke, T.: Pastor Schumann. (In: Gemeinde Vryheid, 1921-1971, s.p.).

(186) Lange, op. cit., s.p.

(187) Wellnitz, K.: Pastor Schumann. (In: Gemeinde Vryheid, 1921-1971, s.p.).

geneem. (188)

In 1920 is 'n klein kerkie van die Gereformeerde Kerk gekoop wat vanaf 1944 tot 1964 as kerkgebou vir die Evan= geliese Lutherse gemeente gedien het. Aangesien die aktiwiteite van die gemeente al hoe meer op die dorp gekonsentreer geraak het, is erf no. 108 in 1938 van die Sweedse Sendinggenootskap teruggekoop. Hierdie erf is in 1884 deur President L. Meyer aan die Lutherse Kerk geskenk, maar in 1915 deur die Lutherse Kerk aan die Sweedse Sendinggenootskap verkoop. (189)

'n Boukommissie is in 1952 in die lewe geroep en in 1962 is begin met die bou van 'n nuwe kerk op erf no. 108. Op 8 Maart 1964 is die nuwe Michaeliskirche in gebruik geneem. Die gemeente sou voortaan slegs bekend staan as die Evangeliese Lutherse gemeente, Vryheid. Die twee kerkgeboue op Scheepersnek en Vryheid is ook met die ingebruikneming van die nuwe kerk gesluit. Sedert 13 September 1961 het pastoor H.G. Lange die gemeente be= dien. (190)

### 2.11.7 Die Anglikaanse Kerk, Vryheid

In 1884 het Biskop McKenzie van Zoeloeland president L. Meyer versoek om grond vir die oprigting van 'n kerkge= bou aan die Anglikaanse Kerk te skenk. Die erf in Hoog= straat waarop die huidige kerkgebou staan, is deur die Uitvoerende Raad van die Nieuwe Republiek toegestaan. Reeds vanaf die stigting van die Nieuwe Republiek was

---

(188) Lange, op. cit., s.p.
(189) Ibid., s.p.
(190) Ibid., s.p.

daar baie Engelse in Vryheid. Elke keer as Biskop McKen=zie deur Vryheid gery het, van en na Swaziland, het hy dienste in Vryheid gehou in die "Court House". Baie Afrikaners het ook hierdie dienste bygewoon. (191)

Die eerste kerkgebou van die Anglikaanse Kerk is teen die laaste helfte van 1888 voltooi. Gedurende die Anglo-Boere-oorlog het baie Engelse Vryheid verlaat en na Natal verhuis waar dit veiliger was. Die kerkgebou is toe deur die Boere as stoorkamer gebruik. Na die oorlog is 'n nuwe kerkgebou opgerig op dieselfde perseel. Die nuwe kerkgebou is in 1912 in gebruik geneem. (192)

-ooOoo-

---

(191) Notules van kerkraadsvergaderings van die Angli=can Church of St. Peters, Vryheid. s.p.

(192) Ibid., s.p.

## 2.12 EVALUERING

Die stigting van die Nieuwe Republiek het as grondmotief gehad die behoud van wet en orde. Besiel met 'n drang tot onafhanklikheid is die uitbouing van die nuwe staat gedra deur die bewoners se geloof in 'n almagtige Voorsie=ner van wie hulle ook ontvang het die liefde vir die bodem wat hulle moes bewerk.

Hierdie faktore, vervleg met die fisiese karakter van die gebied, sou 'n relatief unieke streekskultuur voort=bring wat neerslag sou vind in die onderwysontwikkeling van die gebied.

Die ontwikkeling wat daar op die gebied van onderwys in die Vryheidse distrik plaasgevind het, kan egter nie geïsoleerd gestel word nie aangesien dit ontplooi het binne die breër raamwerk van onderwysontwikkeling wat daar op provinsiale en nasionale onderwysgebied plaasge=vind het.